# Hoe kan ek my geloof verryk?

*by NHKA | Woensdag, 31 Januarie, 2024 | Dagstukkies*

2 Petrus 1: 3-9

Al begin 1 en 2 Petrus met die woorde Van (Simon) Petrus, ’n (dienaar en) apostel van Jesus Christus, is daar geen sekerheid dat dit wel deur die apostel Petrus self geskryf is nie. Calvyn sê hierdie twee dokumente is moontlik deur een van Petrus se dissipels geskryf, ’n getuienis van die apostel Petrus se gedagtes. Dit gaan hier oor die opdrag om nie net oor die liefde van God te praat nie, maar om dit inderdaad uit te leef. Om dit reg te kry, moet ons gedurig daaraan werk om ons geloof te verryk.

Hoe kan ek my geloof verryk? 2 Petrus 1: 5-7 sê: En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

Deugsaamheid is ’n ou Afrikaanse woord wat beteken om die goeie dinge te doen. Die belydenisskrifte sê geloof is die kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord. Die HAT sê selfbeheersing is wanneer jy jou drifte en hartstogte bedwing. Die Bybel sê dit is wanneer jou kennis van God en sy Woord jou woorde, dade en gedagtes bepaal. Volharding is om deur goeie tye en slegte tye aan te hou en uit te hou. Dit kry ons net reg as ons oë op die Ware Wenpaal gerig is. Die Boodskap-vertaling van die Bybel sê godsvrug beteken ’n lewe om God mee te verheerlik.

Jesus is op ’n dag met ’n strikvraag gekonfronteer. Uit al die reëls en wette, watter een is die belangrikste? In Matteus 22: 37-39 antwoord Jesus op ’n besondere manier: Jy

moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’

Dr Hannes Janse van Rensburg, Zuurfontein